**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 0 4 3 | 81 08 17 229 | 329 | 1772 |

81 8. 17.

DIE BURGER Jg. 67 Nr. ........ P. 10 Dat. ........

# Die aanslag verskerp

DIE bom-aanslae in Oos-Kaapland en die vuurpyl-aanval op Voortrekkerhoogte was sekerlik in die gedagtes van min. Magnus Malan toe hy Vrydag gewaarsku het dat die revolusionêre aanslag teen Suid-Afrika 'n uiters gevaarlike fase bereik het. Hy verwag dat die tempo van sabotasie-aanslae op sleutel-nywerhede, kragsentrales en die land se vervoerstelsel sal toeneem.

Genl. Malan waarsku geruime tyd reeds dat Suid-Afrikaners hulle moet voorberei op 'n eskalasie van revolusionêre geweldpleging. Volgens ons insigte het hy gelyk as hy die toename nie bloot sien as die resultaat van die opbou van beter anti-Suid-Afrikaanse revolusionêre magte nie, maar as 'n verskerping van die aanslag namate die Suid-Afrikaanse regering met sy hervormingsbeleid welslae behaal. Soos gevorder word met evolusionêre ontwikkeling, so neem die revolusionêre aanslag in intensiteit toe.

Die gewelddadige aanslag deur Marxistiese magte, uitgevoer deur organisasies soos die ANC, word gerugsteun deur die verhewiging van die propagandistiese aanvalle op Suid-Afrika. Soos duidelik by die VVO en in die hoofstede van Westerse lande te sien is, moet Suid-Afrika op elke moontlike en onmoontlike wyse in diskrediet gebring word, dat h[illegible] vir sy vriende moreel en prakties onmoontlik gemaak word om hom op enige wyse te steun, sodat hy as geïsoleerde land 'n makliker prooi kan word.

Die jongste pogings in hierdie verband is die toenemende beskuldigings dat Suid-Afrika hom in Suid-Angola aan gruweldade skuldig maak. Agter dié dekmantel word die militêre slaankrag van Swapo en sy trawante versterk, soseer dat nou selfs van 'n konvensionele oorlog op die grens van Suidwes gepraat word.

Dit is noodsaaklik dat die burgers van Suid-Afrika sal ag slaan op die waarskuwing van genl. Malan dat die revolusionêre aanslag teen die land 'n uiters gevaarlike fase bereik het. Dis geen waarskuwing aan die Regering of slegs sekere ander instansies nie – dis gerig aan elke individu. Dis ook nie bedoel om mense die skrik op die lyf te jaag nie, maar juis om elkeen tot waaksaamheid aan te spoor. Aan terreur mag nie toegegee word nie en aan anti-Suid-Afrikaanse propagandiste mag ook geen voer verskaf word nie. Dit verg inspanning van almal.

**TREFWOORDE**

1. Redaksioneel
2. Malan MA de M
3. Waarskuwing
4. ANC
5. Stedelike Terrorisme
6. Oos-Kaapland
7. Bomontploffings
8. Voortrekkerhoogte
9. Vuurpyle
10. Totale Aanslag